NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A LETTERKUNDE

## *ASEM* – Jan Vermeulen

### Algemene riglyne:

- *Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam gelees kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat die naam korrek spel.*

- *Engelse woorde word slegs aanvaar indien dit so in die boek gebruik word.*

- *Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.*

- *Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, word geen punt toegeken nie.*

- *Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is (Let wel: nie by meningsvrae nie, bv. die ja of nee moet ooreenstem met die motivering).*

- *Indien die eerste deel van die antwoord nie die vraag beantwoord nie, maar die tweede deel van die antwoord die vraag beantwoord, kry die kandidaat wel die punt. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker gewaag het met talle moontlike antwoorde.)*

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 1 BARRIES SE VRIENDE

1.1 1.1.1 Barries is skraal maar atleties gebou. OF
Hy het grysblou oë en donker hare wat kort op sy kop afgeskeer is.

1.1.2 het 'n lelike vel (puisies) – voorkoms

1.1.3 Luukse/Ultramoderne woonstel (in Houghton).

1.1.4 (Bly onwettig) in ou murasie op Seeplaas.

1.1.5 skilder en doen beeldhouwerk/werk vir homself/is 'n kunstenaar.

1.1.6 prokureur.

1.2 1.2.1 'n Man het aan Lizette se sitvlak/boude gevat.

1.2.2 Barries het die man met die kop geslaan.

1.2.3 By Butcher.

1.2.4 Barries het hom beledig/sleg gesê.

1.2.5 Barries het 'n badkamerdeur afgeskop.

1.3 1.3.1 Theo het 'n ongeluk gemaak/'n verkeersman omgery.

1.3.2 Hy het 'n oordosis dwelms geneem/homself met die dwelms vergiftig.

1.3.3 Barries was onwettig in die besit van dwelms.

1.3.4 Op voorwaarde dat hy vir die polisie wys waar hy al sy dwelms gekoop het/dat hy vir 6 weke vir rehabilitasie na sy pa toe gaan.

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2 BARRIES SE OUERS

2.1 2.1.1 Vera wil baie graag hê Barries moet ophou dagga rook. (bl. 12)

2.1.2 Dagga is nou wettig./Wat is fout daarmee as jy dit reg gebruik? (bl. 12)

2.1.3 Nadat Barries uitgevind het dat sy ma aangeval is/seergekry het/in die hospitaal is, **wou hy so gou moontlik na haar toe gaan omdat sy hom nodig het**;
**OF**
Barries is bereid om skool te verlaat sodat hy na sy ma kan kyk/kan omsien.

2.2 2.2.1 Paul se bakkie/4 × 4 was stukkend.

2.2.2 Nee, Stef het geglo Barries het kom moeilikheid maak tussen hom en Paul … Stef en Paul se verhouding het versleg/was nie meer so sterk nie … Paul het meer omgegee vir Barries as vir Stef.

Stef het ook gesien wat Barries aan Paul doen en hoe hy weer begin drink het.

2.2.3 … hulle het saam in een huis grootgeword.

… Stef was die aand saam met Paul toe hy Barries se pa geslaan het.

… Stef was daar en het gesien hoe moeilik dit vir Paul was om "oor Barries" te kom (bl. 72)/op te hou drink.

2.3 **Paragraafvraag 80–120 woorde**

- Vera wou nie hê Paul moet weet sy is verkrag nie. (bl. 202)
- Vera was bang vir hoe Paul sou optree as hy uitvind.

- Paul het gedink dit was 'n wonderwerk/hy was baie bly aangesien hy steriel is. (bl. 203)

- Dit het tydens huweliksberading uitgekom./Dit het uitgekom toe hulle hulp gaan soek het om hulle huwelik te laat werk./Dit het uitgekom toe hulle iemand gaan sien het wat hulle moes help met die probleme in hulle huwelik. (bl. 203)

- Sy was skaam daaroor/die man het saam met haar gewerk. (bl. 204).

- Paul het 'n privaatspeurder gehuur.

- Die man het lelike goed oor Vera gesê en **Paul het hom geslaan** (3 houe teen die kop een teen die slaap.) (bl. 204)

- Barries het nooit sy biologiese pa ontmoet/leer ken nie … want hy is dood aan bloeding op die brein.

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3 DIALOOG (BARRIES EN EUNICÉ)

3.1 … het ek Jona hoor huil.

3.2 Paul

3.3 Paul het hom beskuldig dat hulle goed uit sy huis steel/sy beursie gesteel het.

3.4 Olga het Paul se beursie gesteel.

3.5 Olga was op pad na Namibië.

3.6
- Olga het in 'n kinderhuis grootgeword OF
  het nie 'n ma en pa gehad nie; en
- het weggeloop van die kinderhuis af.

3.7 Fillie gaan skool by Nico Malan Hoër/Hoërskool.

3.8 Dit is teen die skool se skoolreëls.

3.9 Hy is net soos Jona van die Bybel uit die see gered.

3.10 Die teddie/Bollie was tussen die verjaarsdagkaartjies van my af wat Paul gehou het. OF
Dit was een van my speeldinge toe ek klein was.

3.11 My pa het heeltemal kontak verbreek nadat hy en my ma geskei is./Hy was seker skaam omdat hy in die tronk was.

3.12 Butcher.

3.13 Ek het die rose op die selfoonkassie gesien/herken as my ma s'n.
… van die foon wat Olga by Butcher gekoop het.

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4 DIE MEISIES IN BARRIES SE LEWE

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **die verskillende fases in Barries se lewe wat bygedra het tot sy emosionele verval en emosionele groei.**

- Gebruik die kolpunte op die vraestel vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

**Inleiding**

| | |
|---|---|
| **Paragraaf 2: Lizette** | Lizette moet met Barries seks hê/by hom slaap/met hom omgang hê. |
| | Want Barries het nie 'n kondoom gehad nie; OF<br>Vera/ Barries se ma was in die woonstel. |
| | Lizette het daarvan gehou./Sy het saam met die ou "gespeel"./Haar oë het gelag. (bl. 20) |
| | Lizette het later in die verhaal met Theo begin uitgaan. |

| | |
|---|---|
| **Paragraaf 3: Olga** | Olga lê kaal in die son/en sonbrand. |
| | Stef het Olga by 'n rehabilitasiesentrum ontmoet. |
| | Paul het haar geskilder/beeldhouwerk van haar gemaak. |
| | Olga wou seks met Barries hê/met hom geslaap het as 'n Kersgeskenk. |
| | Olga gebruik dwelms en raak aan die slaap. |

| | |
|---|---|
| **Paragraaf 4: Sersant Nico Schreuder** | Sy sê dat mense haar gewoonlik onderskat en dat hulle nie moet nie. |
| | Sy is vriendelik met Barries; sê hy kan haar Nico noem;<br>**EN**<br>Sy luister belangstellend wanneer Barries haar vertel van sy krieket/ atletiek, Lizette, sy kitaar en sy liedjies. (bl. 60)<br>Sy help hom met sy oogdruppels … (enige twee) (bl. 62) |
| | Sy sê hy is 'n reguit mens en gee eintlik net om vir ander mense. (bl. 60) |
| | Sy gee haar kaartjie met haar nommer op/<br>**EN**<br>sodat hy haar kan bel as sy pa hom weer slaan. |

IEB Copyright © 2022

| | |
|---|---|
| **Paragraaf 5:Eunicé** | Haar hond het in die see geval;<br>Barries het haar hond gered;<br>Hulle het die hond by Barries-hulle (Seeplaas) kom soek. (enige twee) |
| | Hy bied aan om die beste behandeling vir Barries se ma te kry.<br>OF<br>Hy gee hom raad oor sy toekoms.<br>OF<br>Hy sê hy moet eers skool klaarmaak of op sy sport fokus. |
| | Sy wou vir Barries vertel hoe dit met Jona gaan; OF<br>Sy hou van Barries. |
| | Lizette verwys na haar as Barries se nuwe meisie;<br>Sy kom kuier vir die vakansie op Seeplaas;<br>Hulle albei is mal oor Jona/dra Jona se belange op die hart. |

## D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II AFDELING A

| | |
|---|---|
| **INHOUD (20)** | *Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die **nasienriglyne** van die vraestel.* |
| **TAAL EN STRUKTUUR** | |
| **5 punte** | Struktuur: Oorspronklike en kreatiewe inleiding en slot; feite uitsonderlik uiteengesit.<br>Taal: Puik |
| **4 punte** | Struktuur: Goeie inleiding en slot; feite sinvol uiteengesit.<br>Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog. |
| **3 punte** | Struktuur: Geen inleiding of slot nie; feite verstaanbaar uiteengesit.<br>Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed. |
| **2 punte** | Struktuur: Geen inleiding of slot nie; opstel hortend en vloei nie.<br>Taal: Oormatige taalfoute. |
| **1 punt** | Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend.<br>Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar. |

IEB Copyright © 2022

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.

2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

   Voorbeeld: Toespraak

| | | | |
|---|---|---|---|
| Inhoud, beplanning en formaat | G | 6 | (uit 12) |
| Taal, styl en redigering | G | 4 | (uit 8) |
| | | **10** | **(uit 20)** |

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die rubriek.

   Skryf die punte soos volg neer:

| | | |
|---|---|---|
| Inhoud : | G | 6 |
| Taal : | G | 4 |
| | | **10** |

   Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die totaal uit 10 te laat reflekteer en te laat tel, bv. 13 ÷ 2 = 6½ / **10**

5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| // | Dubbelstrepie aan die begin van sin dui die begin van 'n nuwe paragraaf aan | Nuwe paragraaf |
| interr<u>es</u>ant | Strepie onder die woord | Spelfout |
| × | Kruisie oor woord | Foutiewe woord |
| ( ) | Hakies | Foutiewe woordorde |
| ^ | Weglaatteken | Woord(e)/leesteken uitgelaat |
| T (in kantlyn) | Hoofletter T | Tyd verwarrend/foutief gebruik |
| ?/≀ (in die kantlyn) | Groot vraagteken/ kronkelstreep | Onduidelik/ onverstaanbaar |
| (enough) | Kring om woord | Engelse woord |
| hh | Dubbele *h* | Herhaling |
| Skryf die hoofletter of komma in | | Hoofletter/komma/punt |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5 ARTIKEL

### Formaat:

- Paragraafindeling volgens instruksies.

### Taal en styl:

- Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.
- Toespraak.

### Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Is kandidaat se idees interessant en oorspronklik?
- Word al **drie aspekte** wat in die opdrag genoem is, aangespreek?
  - Vertel van jou grootste **uitdaging** as matrikulant en wat jy geleer het;
  - noem jou 2021 **hoogtepunt** en beskryf dit kortliks; en
  - **bedank** kortliks die **mense wat jou bygestaan het**.

## VRAAG 6 E-POS

### Formaat:

- Volgens voorbeeld

### Taal en styl:

- Taal en styl moet by die doel, teikengroep en konteks pas.

### Inhoud:

- Word daar voldoende aandag aan die riglyne geskenk?
- Word al **drie aspekte** wat in die opdrag genoem is, gedek?
  - Vertel hulle dat jy die verkeerde bestelling ontvang het.
  - Sê waarom jy die pakkie bestel het.
  - Vra hulle beleefd om jou te help om dit reg te stel.

IEB Copyright © 2022

## D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

## VRAAG 5: 20; VRAAG 6: 20 ÷ 2 = 10

<table>
<tr><th>KRITERIA</th><th colspan="5">UITSONDERLIK</th><th colspan="3">KNAP</th><th colspan="5">VOLDOENDE</th><th colspan="4">ELEMENTÊR</th><th colspan="7">ONVOLDOENDE</th></tr>
<tr><td rowspan="2">INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR</td><td>12</td><td>11½</td><td>11</td><td>10½</td><td>10</td><td>9½</td><td>9</td><td>8½</td><td>8</td><td>7½</td><td>7</td><td>6½</td><td>6</td><td>5½</td><td>5</td><td>4½</td><td>4</td><td>3½</td><td>3</td><td>2½</td><td>2</td><td>1½</td><td>1</td><td>½</td></tr>
<tr><td>100%</td><td>96%</td><td>92%</td><td>88%</td><td>83%</td><td>79%</td><td>75%</td><td>71%</td><td>67%</td><td>63%</td><td>58%</td><td>54%</td><td>50%</td><td>46%</td><td>42%</td><td>38%</td><td>33%</td><td>29%</td><td>25%</td><td>21%</td><td>17%</td><td>13%</td><td>8%</td><td>4%</td></tr>
<tr><td>1. Respons en idees</td><td colspan="5">1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees; skryfstuk behou fokus.</td><td colspan="3">1. Goeie hantering van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees; skryfstuk behou fokus.</td><td colspan="5">1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.</td><td colspan="4">1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees; kom nie by die punt uit nie.</td><td colspan="7">1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting.</td></tr>
<tr><td>2. Organisering van idees; vloei van leesstuk</td><td colspan="5">2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloei van teks.</td><td colspan="3">2. Goeie samehang van idees en teks vloei.</td><td colspan="5">2. Leesstuk minder vloeiend.</td><td colspan="4">2. Leesstuk hortend.</td><td colspan="7">2. Leesstuk baie onsamehangend.</td></tr>
<tr><td>3. Struktuur – Inleiding, slot, paragrafering<br>(12)</td><td colspan="5">3. Struktuur gepas.</td><td colspan="3">3. Struktuur gepas.</td><td colspan="5">3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute.</td><td colspan="4">3. Struktuur toon ernstige foute.</td><td colspan="7">3. Struktuur onvanpas.</td></tr>
</table>

<table>
<tr><td rowspan="2">TAAL, TOON EN STYL</td><td>8</td><td>7½</td><td>7</td><td>6½</td><td>6</td><td>5½</td><td>5</td><td>4½</td><td>4</td><td>3½</td><td>3</td><td>2½</td><td>2</td><td>1½</td><td>1</td><td>½</td></tr>
<tr><td>100%</td><td>94%</td><td>88%</td><td>81%</td><td>75%</td><td>69%</td><td>63%</td><td>56%</td><td>50%</td><td>44%</td><td>38%</td><td>31%</td><td>25%</td><td>19%</td><td>13%</td><td>6%</td></tr>
<tr><td>1. Toon, register, styl.</td><td colspan="3">1. Toon en register in die kol.</td><td colspan="3">1. Toon en register effektief.</td><td colspan="3">1. Toon en register gepas.</td><td colspan="2">1. Toon en register nie altyd gepas nie.</td><td colspan="5">1. Toon en register onvanpas.</td></tr>
<tr><td>2. Grammatika<br>(8)</td><td colspan="3">2. Grammatika feitlik foutvry, puik woordeskat; lees vlot; puik kommunikasie; geen tweede lees nodig nie.</td><td colspan="3">2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat; enkele ernstige foute; kommunikasie goed. Lees maklik.</td><td colspan="3">2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.</td><td colspan="2">2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.</td><td colspan="5">2. Besaai met taalfoute; betekenis verwarrend; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korrigeer.</td></tr>
</table>

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022